# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Christus kom oordeel oor lewendes en dooies

**Skriflesing:**
Prediker 2
Lukas 17:20-37

**Teksvers**:
Lukas 17:37

**Sing**:
Ps 95-1:1,4
Ps 43-1:3,4
Sb 7-1:1,3
Sb 15-7:1,5,6
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

'n Aasvoël het reuse vlerke om ure lank op die wieke van die wind en lugstrome te sweef en ook 'n geweldige skerp sig om sy prooi of aas van baie vér af raak te sien. Dan sirkel hulle veral oor die dooie aas om seker te maak van die dood en skiet dan neer op die aas om dit gulsig te verslind totdat net die geraamte oorbly. Vir die boere is dit natuurlik 'n groot hulpmiddel om te weet dat daar op sy plaas iets gevrek het. Hy reageer op die aasvoëls wat in die lug draai!

Die vraag vandag is of ons ook oplet na die naderende oordeel van God en of ons reageer? Daar is nog tyd! Die Here Jesus kom. Die aasvoëls draai al. Wees gewaarsku! Maak seker jy lewe nog, anders sal jy saam met die ander lyke verslind word!

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Deur Geloof in Jesus kan ons tot inkeer kom

**Skriflesing:**
Handelinge 3:1-26

**Teksvers**:
Handelinge 3: 19, 20, 26

**HK** Sondag 33

**Sing**:
Ps 100:1, 2, 3, 4
Ps 19:4, 6
Ps 134:4
Ps 138:2, 4
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Bekeer julle want die koninkryk van die hemele het naby gekom. So het Johannes die Doper, en natuurlik ons Here Jesus self in die openbaar verkondig.

Verandering, en omdraai. 'n Wegkeer en 'n afkeer van wat sondig is en wat boos is, na dit wat goed is.

Ons staan vanaand stil by Sondag 33 met die oog op geloof en bekering, en dit wat goeie werke is.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47 Nr 28 21 Augustus 2022**


## Tekens van die tyd...

Ons beleef die afgelope paar jaar sulke interessante en te gelyk skrikwekkende uitdagings in die groot toneel van die wêreld dat 'n mens onwillekeurig wonder of dit nie nou baie, baie naby aan die wederkoms van Jesus gekom het nie. As maar net 'n paar van die sogenaamde komplot-teorieë waar sou word, loop ons letterlik op die randjie van die skrikwekkende einde van hierdie bedeling en baie naby aan die koms van die Here Jesus met die wolke. Ten minste maak dit ons as kerk meer waaksaam, terwyl die wêreld meer bedwelmd raak in sy eie gemaksones. Die vraag bly steeds wat sê die tekens van die tyd?

In sy boek '*The Bible and the Future'* onderskei prof A Hoekema drie soorte tekens:

<u>Eerstens</u>, tekens wat die werking en triomf van God se genade wys. Daaronder val hoofsaaklik die verkondiging van die evangelie. Die evangelie sal en moet eers aan al die nasies verkondig word – iets wat natuurlik nou baie makliker geword het met die internet en tegnologie wat so vinnig vorder.

<u>Tweedens</u>, tekens wat wys op die intensivering van die konflik tussen die koninkryk van Christus en die ryk van die Antichris. 'n Konflik wat sal uitloop op die oorwinning van Christus en die onderwerping van alle dinge onder sy voete. Hieronder noem hy vier dinge: vervolging; die groot verdrukking; die afval; die Antichris. (vgl veral 2 Tess 2)

Die <u>derde</u> soort tekens is dié wat God se oordeel openbaar en in toenemende mate vooruitwys na die finale oordeel by Christus se wederkoms. Daaronder noem Hoekema dinge soos oorloë en gerugte van oorloë; hongersnode en aardbewings en die finale stryd en oorwinning oor God se vyande.

*Die apostel Petrus sê: "Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.*
*Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan. Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe. Leef in verwagting dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor, die dag waarop die hemel in vlamme sal vergaan en die hemelliggame sal brand en wegsmelt. Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers." (2 Pet 3:9-13)*

Ds Maarten

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

*Vrug van die Gees!*

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 17, Ps 105:5 Volgende week: Les 18, Ps 105:5

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Expando

Skep-Hoop-Fonds

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



## Bybelskool van Centurion

Bied aan

## Die Tabernakel

Die simboliek rondom die Tabernakel en die seremonies en offers van die Ou Testament en die vervulling daarvan in Christus Jesus

**Almal welkom**

te

GK Centurion

Elke Dinsdagaand

(gedurende die derde kwartaal)

19:00 – 20:30

**Koste** R100 per persoon

Aanbieders:

**Di Maarten van Helden/Lourens Venter**

*"Jy moet 'n altaar van doringhout maak…" Eks 27*

### AFRIKAANSE BYBELPRYSE

| **Vertaling** | **Prys** |
|---|---|
| Afrikaans **1983** Groot Druk Harde Band* | R300 |
| Afrikaans **1983** Groot Druk Leer* | R525 |
| Afrikaans **2020** Gewone druk Harde Band (Hoofletteruitgawe - beskikbaar by kantoor) | R135 |
| Afrikaans **2020** Gewone Druk Leer* (Hoofletteruitgawe) | R325 |
| Afrikaans **2020** Groot Druk Harde Band* | R325 |
| Afrikaans **2020** Groot Druk Leer* | R460 |

***Slegs op bestelling** *Esme vd Berg 083 381 6428*

**Ander tale** (Engels, Sepedi, Xhosa, Tsonga, Sesotho, Ndebele, Venda, Zulu, Tswana) is by die kantoor beskikbaar @ Hardeband—R135; Sagteband—R75

### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**21-Aug-22**

| | |
|---|---|
| Elize van den Berg | Blok A |
| Louisa vd Walt | Blok B |
| Doret Pretorius | Blok C |

**28-Aug-22**

| | |
|---|---|
| Esther Hoffman | Blok A |
| Elzabé Barnard | Blok B |
| Leandre Struwig | Blok C |

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Geestelike Opbou

**11 Sept 2022** na die aanddiens

Prof Herrie van Rooy kom gesels oor:

### Bybelvertaling: waarom en hoe?

Dit is verbasend hoeveel Bybelvertalings beskikbaar is. In Afrikaans is daar drie wat deur die Bybelgenootskap uitgegee is, met nog ander van gewone uitgewers. Kan 'n mens vertalings vertrou? Op grond waarvan moet 'n mens 'n vertaling beoordeel? Hierdie gesprek hanteer hierdie sake, met toespitsing op die 2020-vertaling.

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

**Hennie van Rooyen Belasting Konsultant**. SARS verwysing: PR0108610. Persoonlike opgawes, Kleinsake en Boere. Skakel 082 932 5634 of epos: hennievr.tax@gmail.com.

**Professionele grimering** vir matriekafskeid, troue of spesiale geleentheid. Kontak Michelle vd Berg 0826402571 of michelle.minibar@gmail.com

**Lekker beskuit en koekies—**R50 vir 500g koekies (gemmer, klapper, soet, romany creams, crunchies, appelkooskonfyt). R100 - R120 vir 1kg beskuit (bran, meusli, karringmelk, cranberry, kaneel). Kontak Ria 0828752877.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig?** Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena 072 974 2728.

**Goedere te koop**: Ongebruikte, Megamaster 2 'burner' gasbraai R2700; 26" dames Raleigh fiets R550; staal liasseerkabinet. R1900. Lydia van Rooyen 082 856 9450.

Ek spesialiseer in die **registrasie van huisoordragte.** Onthou dit is u, die Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag van diens wil wees. Pieter Wolmarans 083 949 88 99. PF Wolmarans Prokureurs.

*Die groot trompet sal weerklink, en Hy sal sy engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te maak uit die vier windstreke, van elke uithoek van die aarde af.*

*Matteus 24:31*

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00

- - - - - -

## Ouventus (25-35)

Woensdagaande 19:00

## Familiekamp Naweek


23-25 September

### Tema: 'n Lewe vervul met die Vrug van die Heilige Gees

Die familiekamp naweek word gehou op die kerkterrein. Kom deel in 'n naweek vol pret en Geestelike verryking.

'n Volledige program sal deurgegee word nader aan die datum.

Gee u naam vanoggend op by De Wet Burger (083 216 2876) onder die olyfboom.



## Eljada Huis

__Volledige behoeftelys:__ Is op die kennisgewingbord geplaas

__Deurlopende behoeftes:__ Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421



# Verjaarsdae

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21-Aug | Quinton | Pretorius | A12 | 27820605444 |
| | Hanneke | Swanepoel | A12 | 27824908184 |
| 22-Aug | Douw | Breed | A08 | 27826833553 |
| | Gustav | Hoffmann | A02 | 27832004067 |
| | Pieter | Pretorius | C08 | 27716002708 |
| 23-Aug | Eugene | Oosthuizen | A16 | 27825525607 |
| | Frikkie | Pelser | A05 | 27827808756 |
| | GJ | Pretorius | A03 | 27728628738 |
| 24-Aug | Reg | Horak | B12 | 27842510685 |
| | Emmie | vd Zee | B07 | 27725934316 |
| | Louis | v Staden | A15 | 27829407111 |
| | Phillipa | Weyer | A11 | 27832320337 |
| 25-Aug | Petrus | Gildenhuys | C13 | 27827884169 |
| | Lenie | Myburgh | B11 | 27822293993 |
| | Lizette | Reinecke | A12 | 27834475822 |
| 26-Aug | Cecilia | Coetzee | C08 | 27829273146 |
| | Johan | Reinecke | B11 | 27788938903 |
| 27-Aug | Andie | vd Walt | C12 | 27791982329 |
| | Quintin | Wait | A13 | 27834581779 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21-Aug | Leah | Erasmus | B09 | 27833566579 |
| 22-Aug | Ruben | Smidt | C09 | 27825667633 |
| 23-Aug | Christiaan | Jacobs | B14 | 27833567597 |
| 24-Aug | Pieter | Mulder | C12 | 27829680474 |
| 25-Aug | Melindi | Venter | B17 | 27728007454 |
| 26-Aug | Danie | Kruger | A08 | 27820811030 |
| 27-Aug | Renier | Potgieter | B19 | 27827722615 |

# Ons gee om vir Mekaar

*"... Moenie bang wees nie."* Mark 6:50

- Klein Anne van der Walt sterk tuis aan na hospitalisasie (A13—083 292 9002).
- Andri Steinberg sterk aan na 'n knievervangingsoperasie (B8—083 726 8362).
- Oerka van Tonder sterk aan na 'n rugoperasie (C4—082 828 6119).
- Letitia Jonker het geval na haar operasie en sterk tuis aan (A6—073 143 8967).
- Zenel le Roux sterk aan in Unitas hospitaal (B4—083 277 5854).
- Stephanie vd Walt sterk aan in Unitas (C12—663 2410).
- *Meelewing* word betuig met Koos en Dalene Strydom; Gawie en René Erasmus en familie na die afsterwe van Koos en Dalene se seun; René se broer.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk

♥ Dean en Tanya met die doop van Jacomy Aucamp.

♥ Yolandi met die doop van Luan Martinson.



Cobus en Lee-Ann van Niekerk met die geboorte van Lea-Mari.

◊ Baie geluk aan al die **nuwe skoolleiers** wat verkies is vir 2023. Mag dit 'n goeie jaar wees vir almal!

## *Alethea Outreach*

## *11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/